**Dié lap word in drie afsonderlike dele gehekel, wat deels aanmekaar geheg word deur bloot al hekelende die lap om te draai, en deels met naald en garing**



# Besonderse lap...

**BENODIGDHEDE:** *Ongeveer 750 g Coats Chain-Mercer Nr. 10; hekelpen van 1,50 mm.*

**MATE:** *Om oor 'n koffietafel te pas.*

**AFKORTINGS:** *ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; st(e) - steek (steke); sp(s) - spasie (spasies); blk(s) - blokkie (blokkies); vlg - volgende; herh - herhaal; vermeer - vermeerder; vermin - verminder.*

**Filetspasie: 1e ry:** 1lb, * 2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st; herh van * tot einde.
**2e ry:** 1lb in lb, * 2ks, 1lb in vlg lb; herh van * tot einde.
**Blokkie:** 1lb in lb, * 2lb in 2-ks-sp òf 2 ste, 1lb in vlg lb.
**Lasette: 1e ry:** 1lb in lb, * 5ks, slaan (2ks, 1lb, 2ks) oor, 1lb in vlg lb; herh van * tot einde.
**2e ry:** 1lb in lb, 3ks, 1kb in 3e van 5ks, 3ks, 1lb in vlg lb; herh van * tot einde.

**AANWYSINGS:** Diagram 1 toon 'n kwart van lap.

Begin met die punte van 'n kort kant.

Hekel heen en weer, begin met 1 punt soos volg:
**Eerste 2 rye:** 2 blks. **Vlg 2rye:** * 2 filet-sps bokant 2 blks en 2 blks aan linkerkant bygevoeg; terug met 2 blks en 2 filet-sps; dan 4 filet-sps en 2 blks, terug met 2 blks en 4 filet-sps.
**Vlg 2 rye** (breedste deel van strook): 6 filet-sps en 2 blks, terug met 2 blks en 6 filet-sps. Hekel vervolgens weer 2 rye van 4 filet-sps en 2 blks. Dit voltooi een volledige patroonherhaling.

Herh vanaf * tot 21 punte voltooi is, vermin dan in spieëlbeeld tot 2 blokkies oorbly, knip garing af.

Draai werk 'n kwart slag om, dit wil sê, die reguit kant van strook is nou basisry om hoofdeel van lap te begin.

Lees diagram eers van regs na links, en vir 2e helfte van ry van links na regs. Vermeer en vermin aan weersk van lap om sykante met punte te vorm.

Onthou dat wat op Diagram 1 soos spasies voorkom, **lasette** is — raadpleeg Diagram 2 om begin van hoofdeel beter te verstaan.

Onthou ook dat die deel tussen buitenste rand met punte en blokkiesrand altyd filet-spasies is, en binnenste deel tussen blokkiesrande altyd lasette.

Wanneer eerste helfte van lap voltooi is, lees diagram van middel tot kort kant.

Hekel laastens die puntstrook afsonderlik soos uiteengesit aan begin en werk met naald en garing aan tweede kort kant vas.

NA BLADSY 140

VAN BLADSY 120




Vergroot op Diagram 2

## Besonderse lap...

□ – spasie
⊠ — blokkie
⊠ — laset

DIAGRAM 1

T – kortbeen
‡ – langbeen
⌒ – glipsteek
ooo of 8 – kettingsteke
– laset

DIAGRAM 2





# VOEL JY GEDAAN?




Jy sal nooit weer jou vriende beny wat heeldag werk, ses stelle tennis speel en dan nog genoeg geesdrif oor het om deur te dans dagbreek toe nie.
**'Super Zest 8'** is die suksesformule van hoogs gekonsentreerde Koreaanse Ginseng-ekstrak gemeng met 17 belangrike spoorelemente, vitamiene en Kruie-ekstrakte. 'n Fyn gebalanseerde, natuurlike hulpmiddel.
**'Super Zest 8'** sal jou help om weer jou potensiaal te besef en die lewensbelangrike vetroue in jou eie vermoëns te herwin.
Te kry by APTEKE en GESONDHEIDSWINKELS of skakel JHB 440-2262.

**GINSENG Super Zest 8**

9593 A/R

# Marblebrite



# R265

**AVB uitgesluit**
**Marmer baddens in eksotiese kleure direk van die fabriek**
**(011) 976-5205**
**976-5104**

Fenolftaleïen: REG-U-LETTS. Elke tablet bevat 125 mg Fenolftaleïen.

# HOE STERK BEHOORT 'N LAKSEERMIDDEL TE WEES?

So sterk as wat jou behoeftes vereis.
Dis waarom Reg-u-letts die ideale lakseermiddel is, want met Reg-u-letts kan jy die dosis beheer om 'n milde, gewone of sterk aksie te verkry.
Volg slegs die eenvoudige aanwysings binne die pak.

**Vir milde, gewone of sterker aksie.**



**Reg-u-letts**
tablette tablets
CHOCOLATE FLAVOURED LAXATIVE
SJOKOLADE-GEGEURDE LAKSEERMIDDEL
Restore "Regular" Habits
Reg-u-letts · Regd TM/Gereg HM

MUNDELS 10038/A